

BENODIGDEHEDE: Pingouin Nr. 5, ongeveer 60 g wynrooi en 30 g wit; hekelpen van 2 mm; ongeveer 2 m rek vir broekie.

MATE: Om borsmaat van ongeveer 86 cm te pas.

AFKORTINGS: ks - kettingsteek; kb - kortbeen; lb - langbeen; hlb - halflangbeen; herh - herhaal; beg - begin; vermeer - vermeerder; vermin - verminder; weersk - weerskante; st(e) - steek(steke).

Let Wel: Die bra en voorpant van die broekie word in strepe van twee rye lang been elk, gehekel, maar dit kan ook eenkleurig gehekel word.

BRA: Begin vanuit middel van keël met 18ks, steek hekelpen in 4e ks vanaf hekelpen, 15lb in ketting, draai, hekel 3ks, 14lb aan ander kant van basisry, hekel (3lb, 1ks, 3lb) in 15e lb, hekel afwaarts oor ander kant van keël met 14lb, draai.

Slaan oor na tweede kleur, hekel voort soos gestel, maar vermeer telkens 2 ste aan weersk en hekel (3lb, 1ks, 3lb) in middel, om keël te vorm.

Vir 'n borsmaat van 86 cm is 13 rye aan weerskante van basisry genoeg.

Omranding: Heg garing onder aan punt vas en hekel (1kb, 3hllb, 1kb) oor een syrand tot bo; 100ks, terug met kb oor die 100ks (om werk te verstewig vir skouerbandjie) af met (1kb, 3hllb, 1kb) oor ander syrand, dan (1lb, 1ks) oor onderste rand om gaatjies vir deurryg van bandjie te vorm.

Hekel 'n tweede keël op dieselfde manier.

Hekel 'n bandjie van ongeveer 120 cm, op dieselfde manier as skouerbandjie, om onder albei keëls in te ryg sodat die bra agter die rug vasgebind kan word.

BROEKIE: VOORPANT: Begin met wynrooi by kruis met 17ks, steek pen in 4e ks vanaf pen en hekel 1lb in elke ks tot einde — 14lb.

Hekel nou 5 strepe van 2 rye elk met wit en wynrooi om die beurt, en vermeer 1 st aan weersk van 10e ry.

Vlg ry: 12lb.

Vlg ry: Vermeer 1 st aan weersk — 14lb.

Vlg ry: 14lb.

Vermeer op dié manier aan weersk van elke ry tot 32 rye voltooi is. Daar moet dan 58-60lb wees.

Knip garing af.

AGTERPANT: Begin aan teenoorgestelde kant van basisry op voorpant, en vermeer 2lb aan weersk van vlg 9 rye — 54lb.

Hekel nou voort tot 36 rye voltooi is, en vermeer 1 st aan weersk van elke ry.

BROEKSPYPOMRANDING: Heg garing weer vas en hekel 3lb in sykant van elke lb aan rand van broekie. Laat werk eenkant en knip rek presies volgens maat van bobeen plus lengte van syrand. Werk eindpunte van rek baie stewig aan mekaar vas om 'n kring te vorm. Hou rek nou teen syrand van broekie vas en steek hekelpen by 'n steek onder rek in. Hekel kortbeen al met omranding langs, deur verskeie kortbene in elke steek te hekel om rek sodoende behoorlik met kortbene te bedek. Hekel so

voort tot stuk rek wat voor- en agterpant op heupe verbind, ook toegehekel is. Hekel dan met kortbeen terug oor hele stuk werk.

Doen dieselfde met ander broekspyp.

Knip rek volgens maat van middeltjie en

hekel dit nes broekspype se rek om boonste rand van broekie vas deur oor hekelrande en rek wat op heupe sal kom te hekel. Verstewig dié werk ook met 'n tweede rondte kortbeen.



Stoute bikini's